DIE OLIELAMP

Nasionale Jeugblad van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Redaksioneel

EEN JARIGE BESTAAN

Beste lesers.
Hierdie uitgawe het vir ons baie betekenis. Dit is omdat dit die een jarige bestaan van die blad as Olielamp is. Van die beplande agt uitgawes per jaar, het almal die lig gesien. Kommunikasie tussen die verskillende redaksies was aan die begin nie so goed nie, maar dit het baie verbeter.

Ons doel is om soveel as moontlik verskillende jeuglede in die blad te laat skryf. Almal van ons het die vermoë om artikels vir die blad te kan skryf; dit is net die bereidwilligheid wat soms ontbreek. Ons wil julle vra om asseblief julle samewerking te gee as die redaksielede julle vra om ‘n artikel te skryf. Die mooiste sal wees as die artikels spontaan van almal se kant af kom.

Ons wil sterkte toewens aan almal wat eksamen skryf en nog gaan skryf. Mag julle vol motivering daarvoor voorberei. Ons mag weet dat God ons sal help waarmee ons ook al besig is, soos die digter in Psalm 18:33 sê: ”God is dit wat my met krag omgord”.

Ons wil julle ook net herrinner aan die ledegeld wat nog uitstaande is. Betaal dit asseblief so gou as moontlik.

Die volgende uitgawe sal oor die kongres handel. Die voorstudiemateriaal vir die referate sal daarin verskyn. Ons hoop julle sal hierdie uitgawe geniet.

Maranatha redaksie.
Johannes

INHOUD

Uit die Woord	Amos 8 en 9	Jennie Kampman	2
	Noem die Sabbat 'n vreugde	Willemien Kleyn	3
Oppad	Hoe versoen jy jou werk met jou geloof?	Mornè Jolie	5
	Hande in die lug, of…!	Corrien Geleijnse	6
	Dronk verbondskinders	Herbert Begemann	7
	Het jy geloofstwyfel…?	Annet Lubbinge	7
	Waarom leef ek?	Johan Moes	9
Voel jy ook so?	Wanneer? Wie? Hoe dan?	Monique Visser	10
	Ken ons mekaar in die Jeug?	Henriëtte Ros	12
	Vriende buite die kerk	Gerrit Smit	12
	Reaksie op Fliek, fliek, fliek. . .		13
Rehobot	Deur die Sleutelgat		15
Pretoria	Aan die voet van die Magaliesberg		15
Verjaarsdae			16

AMOS 8 EN 9

Jennie Kampman

Somervrugte. Klink dit nie wonderlik en heerlik nie?! Dit is hoe Amos aan die begin van hoofstuk 8 praat. Hy praat oor ryp somervrugte. Gaan Amos nou mooi praatjies lewer om sy bas te red? Al die vorige visioene hou onheil vir die volk in. Amasia het Amos toe gewaarsku om op te hou met profesieë en om weg te gaan. Is Amos nou bang en gehoorsaam hy Amasia? Nee, glad nie. Hy gehoorsaam juis vir God. Hy bly die volk waarsku soos ons verder lees. Die rypheid van die vrugte stel die volk Israel voor wat nou eintlik ryp is vir die oordeel, hul oordeel. God sal oordeel, Hy sal menigtes dood met Sy hand. Amos waarsku dan dat die volk nie mag murmureer of kla nie; hul moet eerbiedig stil bly, want God straf regverdig!

Redaksies:

Pretoria:
Redakteur: Dirk Boon (dboon@csg.pwv.gov.za)
Sekretaresse: Iemke Buenk
Penningmeester: Johan Moes
Lede: Rinus Kamphuis
Andreas Boon
Tegnies: Bijker Broers (dieolielamp@usa.net)

Maranata:
Redakteur: Johannes de Vries
(johannes@ef.techpta.ac.za)
Penningmeester: Gerjan Hagg
Lede: Annemarie de Vente
Anneke de Jager

Kaapstad:
Artikelversorging: Erik van Alten
(luctor@mweb.co.za)
Margreet Moes
Finansies: Christine v/d Linden
Mirjam Raimond
Bladuitleg: Maartje Eefting

Johannesburg:
Redaktrise: Esther Kuyvenhoven
(secuplus@global.co.za)
Lede: Wolter Bijker
Marie-Louise Kuyvenhoven

Ons hoop om *Die Olielamp* 8 keer per jaar uit te gee. Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende internet adres:
http://www.vgk.org.za/olielamp/

Koste: R35 per jaar

Maar hoekom lyk dit dan so onregverdig? Hier is tog ‘n volk wat getrou hul offers bring, die Sabbat en godsdienstige feeste onderhou. So wonderlik en getrou, soos ons mos ook getrou vereniging bywoon, kerk toe gaan (2 maal op ‘n Sondag ook nog) en ons geldelike offers en ook gebede bring. Is ons tog nie goeie en getroue kinders van God nie! Soms is ons ook nog so arrogant om te dink ons is beter as ander, veral ook lidmate van ander kerke. Is ons net soos die volk in daardie tyd? Ons moet oppas, want sulke skyn is nie ware geloof wat God van ons verwag nie. Soos die Israeliete. Hulle kan nie wag dat die Sabbat verby moet gaan nie, dan kan hulle op ‘n oneerlike wyse hul finansiële posisie verbeter. Hul kan hulself soek en alles doen vir eie gewin onder die vaandel van groot Christene. Klink dit nie bekend nie? Van buite is alles godsdienstig - vol kerke, evangelisasie, handhawing van die belydenis en sakramente. Maar kom dit uit hulle harte?

Maar die Here sal straf, en dan nie onregverdig nie. God is ‘n troue verbonds-God. Waar daar ‘n duidelike belofte en seën in die verbond is, bly die dreiging en wraak nie agterweë nie.

In die vyfde gesig sien Amos die tempel vol met mense. Almal is besig om te offer. Die Here eis dat die tempel verwoes moet word en dit gebeur. Die wat nie omkom nie, vlug weg. Maar hulle verdwyn nie uit God se oë nie. Selfs vandag met al die tegnologie van diep myne en maantuie, kan mens nie God se oog ontvlug nie. Orals waar mens vlug sien God jou. Daar is egter net een skuilplek. Golgotha. Waar Christus gesterf het om ons sondes te dra. God se toorn is daar uitgewoed. Hy is ons skuilplek.

Vanaf vers 11 verander die trant van die hele boek Amos. In die hele boek het Amos die

oordeel gepredik. Maar nou preek hy van oorvloed en ontferming. Amos is ‘n ware prediker. Hy verkondig nie net straf en oordeel oor die ongelowiges nie, maar ook vergewing en oorvloed aan die gelowiges. Hy verkondig soos Sondag 31 van die HK die oop- en toesluit van die koninkryk van die hemel. Ons sien in die laaste verse daar word gepraat van die hut van Dawid. Dit dui op die vernietiging en afbraak van alles wat goed was deur die toedoen van die mense se afval. Die volk moet sien hoe skandelik hulle gedrag was, hoe hulle alles afbreek wat God eers geseën het. Maar God bly sy seën stuur aan die gelowiges. Hulle sal altyd vrugbare akkers vir Hom bly. Al word die eindtye moeilik, al dink Satan dat hy oorwin het, sal God nog ‘n klein groepie gelowiges in stand hou en so Sy kerk bewaar en lei na die nuwe Jerusalem.

NOEM DIE SABBAT 'N VREUGDE

Willemien Kleyn

As jy nie op die Sabbat oortree nie,
op my heilige dag doen net wat jy wil nie,
as jy die Sabbat 'n vreugde noem,
as jy die heilige dag van die Here in ere hou,
as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie,
nie te doen net wat jy wil nie,
en nie handel dryf nie;
sal jy vreugde vind in die Here.

Jesaja 58: 13-14a

Dit is Sondagoggend. Die eerste dag van die week. Die dag aan God toegewy. Die dag van rus. Die kerkklokke roep die mense saam vir die erediens. Daar word van ons verwag om te gaan. Ons trek ons Sondagklere aan en maak reg om kerk toe te gaan. Miskien voel ons nie heeltemal lus daarvoor nie. Miskien wil ons veel liewer by die huis bly om daardie belangrike rugbywedstryd te kyk. Wat 'n las om kerk toe te gaan.

Maar is dit regtig 'n las om kerk toe te gaan? Is die Sondag nie veronderstel om 'n dag van vreugde te wees vir God se kinders nie? God het hierdie dag toegewy om heeltemal in sy diens te staan. As Vader wil Hy een hele dag deurbring saam met ons, sy kinders. Moet ons nie dan bly wees nie? As ons praat oor die Sondag, is dit nodig dat ons teruggaan na die vierde gebod. As jy noukeurig na die twee hoofstukke in ons Bybel gaan kyk waar die wet voorkom - Eksodus 20 en Deutoronomium 5 - sal jy agterkom dat die vierde gebod in Eks. 20 verskil met die van Deut. 6. Toe God hierdie gebod vir die eerste keer gegee het by Sinaï, het Hy terugverwys na die eerste Sabbat, die een waar Hy gerus het na die ses skeppingsdae. Om hierdie rede moes die Israeliete die Sabbatdag hou. Met die herhaling van die wet, in Deutoronomium, het Moses die Israeliete daaraan herinner dat hulle deur God uit Egipte gered is. Hulle moes dus daarom die Sabbat onderhou - om God se verlossingswerk te onthou. Hierdie twee weergawes van die vierde gebod spreek mekaar nie teë nie; hulle vul mekaar eerder aan. Altwee redes vir die onderhouding van die Sabbat is gesentreerd om God. Ons moet God se werk onthou. Die mens is gemaak om God te dien. Dit was ook die rede waarom Israel uit Egipte bevry is. Die Sabbat is dus baie belangrik - 'n dag aan God toegewy.

Hulle moes dus daarom die Sabbat onderhou - *om God se verlossingswerk te onthou!*

Ons leef nie meer in die dae van die Ou Testament nie. Die Ou Testamentiese wette is nie vir ons van toepassing soos wat dit vir die Israeliete was nie. Baie mense het dit as 'n rede gebruik om weg te doen met die dag van rus. Alhoewel ons op Sondae eredienste hou in plaas van op die Sabbat (Saterdag), beteken dit nie dat die res van hierdie gebod nie meer van toepassing is nie. Die verskuiwing van Sabbat na Sondag is 'n resultaat van die verlossingswerk van Christus.

Vir die Nuwe Testamentiese mense is die bevryding uit Egipte nie meer die belangrikste gebeurtenis nie. Die redding vanuit die sonde is die belangrike gebeurtenis van die Nuwe Testament. Dit is hierdie gebeurtenis wat ons herdenk op Sondag, die dag toe Christus opgestaan het uit die dood (Lukas 24:36, Johannes 20:19,26). Daarom word een van die sewe weeksdae toegewy aan aanbidding. Ons prys God, veral op daardie dag, vir sy verlossingswerk.

Dit is 'n vreugde om te kan rus van jou daaglikse werk en om een hele dag te spandeer in diens aan die Here. Wat 'n groot seëning is dit dat die Here ons hierdie geleentheid gee. Dit is nes die psalmdigter sê in Psalm 84:11a: "Waarlik, één dag in u tempel is beter as duisend daarbuite." Die Sondag is die dag waarna ons almal moet uitsien. Dit is die hoogtepunt van ons week.

Deur die geskiedenis van die kerk heen, het die Sondag egter 'n las vir die mense geword. Dit was alreeds die geval in die Ou Testament. Vir dié wat nie die Here vrees nie, word dit gewoonlik vinnig die geval. Vat maar die mense in die tyd van Amos as voorbeeld. Hulle het gesê: "Wanneer is Nuwemaan verby dat ons koring kan verkoop, of Sabbat, dat ons graanwinkels weer kan oopmaak..." (Amos 8:5a). Die Fariseërs in die dae van Christus het die Sabbat tot 'n las vir die mense gemaak. Hulle het die onderhouding van die Sabbat as doel op sigself gesien en reël op reël gemaak. Gedurende sy lewe op aarde het Jesus die Sabbat herstel na sy oorspronklike posisie, toe Hy gesê het: "Die sabbatdag is vir die mens gemaak en nie die mens vir die sabbat nie" (Markus 2:27). Christus het na die aarde gekom om ons te bevry van die slawerny van die sonde, maar ook van die slawerny van wettisisme - die las van om dít te moet doen, en nie toegelaat te word om dat te doen nie.

Hy nooi ons uit om ons laste op Hom te lê en om in sy rus te deel, om rus vir ons siele te ontvang (Mattheus 11:28-30). Daarom kan die Sondag 'n vreugde vir ons word. Christus bevry ons totaal en al.

Wat omvat hierdie vryheid nou eintlik? Beteken dit dat ons kan doen net wat ons wil? Nee, natuurlik nie! Ons is nie bevry om terug te gaan na ons ou sondige gewoontes nie (Gal. 5). Kom ons kyk weer na die vierde gebod. Wat word dan in hierdie gebod van ons verwag? Wel, dit sê dat ons die Sabbat heilig moet hou: "Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig." Word daar net na die twee eredienste verwys? Weereens is die antwoord: Nee. Dit praat van die héle dag: "die sabbatdag." Dieselfde refrein is hoorbaar in Psalm 92, die lied van die sabbatdag:

"Dit is goed om die Here te loof,
om u Naam te besing, Allerhoogste,
om elke môre van u liefde te getuig,
en elke aand van u trou."

Dit beteken dat ons die hele dag in aanbidding en diens aan God bestee. Wat is meer vreugdevol en mooier as om een van die sewe dae te spandeer saam met ons Vader? Dan sal ons ook nie verveeld raak nie. Daar is so baie dinge wat ons kan doen om ons liefde vir ons Vader te wys. Hy het aan ons broers en susters in die geloof gegee, saam met wie ons Hom kan prys en meer van Hom kan leer. Ons kan sy Woord bestudeer en broederskap met ons broers en susters geniet. 'n Belangrike saak om 'n slag verder te bespreek, is: hoe presies rig ons die Sondag in? Gebruik hierdie Sondag as 'n geleentheid om oor hierdie saak met jou medegelowiges te praat. Bowenal, laat ons al God se seëninge in gedagte hou. Ek bid dat jy 'n geseënde Sondag mag hê.

Boeke en tydskrifte gebruik:

- Bouwman, C. "Sabbath sanctity in a secular society" **Clarion**
- Chantry, W. **Call the Sabbath a Delight**
- Helder, J. "Observing the Sunday" **Clarion**
- Oostdijk, I. **Ga je mee na de Kerk?**
- Weidenhammer, M. "Observe the Sabbath Day to keep it holy" **Reformed Perspective**

HOE VERSOEN JY JOU WERK MET JOU GELOOF?

Mornè Jolie

Meeste van die jeug verdien nog geen inkomste nie, maar vir almal wag dit een of ander tyd in die afsienbare toekoms. Omdat ek alreeds vir ‘n geruime tyd werk, het ek met die volgende christelike dilemmas te doen gehad wat eintlik ‘n vreugde moes wees.

Van jongs af het jy met ‘n dik bek rondgeloop as Pa of Ma vir jou iets gee om te doen. Noudat ek werk, sien ek dit as my plig om te werk as ‘n christen om eendag vir my huisgesin te kan sorg. As ons kyk na 1 Tim. 5:8 - “Maar iemand wat vir sy eie mense, en veral vir sy huisgenote nie sorg nie, het die geloof verloën, en is slegter as ‘n ongelowige.”

Ek is ‘n ambagsman en ontvang elke dag gemiddeld 4 werkstukke om af te handel. As dit by die vierde werkstuk kom, is mens nou nie meer so lus daarvoor nie, maar dan moet jy daaraan dink dat jy op die oomblik besig is om geld te verdien en as jy nie jou beste gee nie, is jy besig om van die maatskappy te steel. Het jy al toilet toe gegaan as jy nie meer lus is vir werk nie?

Kom jy gereeld laat vir werk? Jy het ‘n ooreenkoms gesluit dat jy betyds sal wees vir werk, en nie te vroeg teetyd en ete sal neem nie. Hierdie dinge val alles onder pligsgetrouheid. Om samewerking te gee vir mede-kollegas is ‘n goeie ding. Hoe baie keer dink ons nie dat ons kollega verkeerd is nie en dan wil ons nooit ingee nie. Dit is nie nodig om altyd so hardkoppig te wees nie, want jy maak die werk vir jouself en vir jou kollega moeilik. As jy eendag ‘n werkgewer gaan wees moet jy sorg dat jy jou werknemers regverdig behandel. Moet nooit jou werkers uitbuit nie, maar hou by die ooreenkoms wat gesluit is met jou werknemer. In die samelewing waarbinne ons onsself bevind is almal geweldig daarop gesteld om homself te laat geld. Almal veg vir hulle eie reg, en gee nie om wie anders daardeur benadeel word nie. Hoe staan jy op jou reg? Hardloop jy die heeltyd na jou vakbond toe om die werkgewer in die grond te druk? ‘n Vakbond op sigself is natuurlik goed indien die werkgewer onregverdig optree en om dan die werknemer se saak te verdedig. Wat wel belangrik is, is om dit self eers op volwasse en christelike manier met die werkgewer te probeer uitpluis.

Ek was al baiekeer ontsteld as die voorman my werk krities beoordeel, hetsy dit gaan oor tyd of netheid. Baiekeer werk ek so netjies dat dit bloot om daardie rede nogal ‘n tydjie langer vat, want ek wil graag die beste werk tot my potensiaal lewer. Wat dan wel die feit van die saak is, is dat dit in daardie geval nie gegaan het oor netheid nie, maar bloot oor die spoed waarmee die werk afgehandel word. Dan besef ek dat dit eintlik opbouende kritiek is. Ander kere het die voorman ‘;n moeilike dag en sê hy sommer net iets omdat hy geïrriteerd is, maar jy kan dink aan die wet: Eer jou Vader en jou Moeder, en die kategismus omtrent Sondag 39. Dan sal jy sien dat ons geduld moet hê met ons meerderes se gebreke, omdat God ons deur hulle hand regeer.

Hoe baie van ons studente is nie verveeld gedurende die vakansietyd nie, en wil om die rede graag’n werkie hê, of selfs ‘n naweekwerkie. As mens egter gaan navraag doen daaroor word ons verplig om op Sondae ook te werk. Met groot teleurstelling gee ons dan maar die soektog op, want ons weet dat ons nie op ‘n Sondag mag werk nie (met verwysing na die vierde gebod en Sondag 38). God weet immers wat ons as mense nodig het, en Hy het met ‘n doel die Rusdag ingestel omdat Hy weet dat ons een dag in die week net heeltemaal moet rus van alles wat ons daagliks besig hou. Wat staan ons dan nou te doen as ons verplig word om op ‘n Sondag te werk? Doen ons dit of sê ons nee met die risiko om dalk ons werk te verloor en nie meer vir ons toekomstige huisgesinne te kan sorg nie?

In die meeste van ons werksomstandighede is daar maar min gelowiges en daarom gaan dit nie daaroor om te oortuig nie, maar ons moet wel getuig van ons Christenskap. Ons het baie duidelik gehoor in ‘n onlangse preek dat ons verantwoording moet doen as mense en kollegas dit verwag.

HANDE IN DIE LUG, OF…!

Corrien Geleijnse

Ja-nee. Dit is seker nogal ‘n gevreesde frase in ons Nuwe Suid-Afrika, nie waar nie? Ek meen, elke tweede persoon probeer jou so omkoop om tog jou nuwe Porche, jou swaarverdiende geldjies, en vul maar self aan, met jou komplimente aan hom te oorhandig. En probeer jy slimpraatjies, word die koue neus van so ‘n blink nuwe (gesteelde?) vuurwapen hier in jou nek gedruk dat jy hoendervleis kry. So, dis maar uitklim en opdok vir die saak van oorlewing (vir jou of die boef...?)



Goed, miskien het bogenoemde nog nie met jou gebeur nie; tog is geweld ‘n baie, baie groot probleem in dié ou land van ons. Dis by ons, óm ons….elke dag. Dit bly tog wel in jou agterkop rondmaal. Ek dink die persoon wat sy oogklappe nou weer eers mooi in posisie skuif en geweld só probeer ignoreer, neig so effens na die onwyse kant toe.

Daar is egter wel ‘n goue middeweg, soos met die meeste dinge in die lewe. So ook met vrees en geweld. Dit moet nie jou lewe oorheers sodat jy weier om jou groottoon oor die drumpel van jou voordeur te stoot nie. Dis ook nie nodig om om elke hoek en draai geweld of misdaad te wil uitskop nie. Want waar is jou vertroue dan? Op wie vertrou jy dan? Op jouself en jou nietigheid.

By ons op skool het ons nogal ‘n mooi gewoonte om op die laaste dag voor die vakansie Psalm 121 in die saal te lees. Ek dink dis ‘n reuse-troos om daardie woorde oor en oor te kan hoor: “Die Here sal jou bewaar vir elke onheil; jou siel sal Hy bewaar.” (Ps. 121:7)

Daarmee wil God vir ons sê dat ons op Hom móét en kán vertrou. Ons hoef nie te vrees vir die duister magte wat dreig om ons te verswelg nie. Maar tog is dit nie altyd ewe maklik nie, want as geweld eers eenmaal in jou kringetjie deurgeslaan het, raak dit moeilik om God se hand in dit alles raak te sien. Ek meen, dis verskriklik om te ruk soos jy skrik wanneer ‘n bom in Middestad Bellville ontplof, wanneer jou leraar se voertuig onder hom uitgekaap word. Reg, dis miskien ou koeie in ‘n ewe ou sloot, maar dit bly erg en dit laat my soms wonder waar ons oor ‘n paar jaar gaan sit. Maar miskien is dit God se manier om vir ons te sê: “Kyk, my liewe kind, Ek is hier; Ek wás nog altyd hier. Vertrou op my, want Ek sal jou red!”

Hoe moeilik dit vir ons ook mag lyk, dit is tog die moeite werd om net jou oë toe te maak, stil te word en jou Hemelse Vader te vra om sy magtige arm oor jou uitgestrek te hou. Laat ons weer vertrou en van harte saam met die Psalmdigter sê: “Wat buig jy jou neer, o my siel, en wat is jy onrustig in my? Hoop op God, want ek sal Hom nog loof” (Ps. 42:6)
Laat ons weer regop staan en sê: “Kyk, my Vader is die grootste, die sterkste en die magtigste.”

DRONK VERBONDSKINDERS

Herbert Begemann

Hierdie onderwerp het my amper dronk gehad. Ek het die opskrif twee verskillende interpretasies gegee. Dronk, letterlik of figuurlik?!

Daar is verskillende maniere van ontspanning soos bv. sport, vakansie, stokperdjies, ens. Dit word doelgerig (ontspanning) en doelvry (genot) gedoen. Met ander woorde, om spanning af te laai en met die gevolglike genot wat daarmee saamgaan. Sosiale omgang is ook ‘n vorm van ontspanning (doelgerig en doelvry). En as verbondskinders moet ons nie net doelgerigtheid en doelvryheid as uitgangspunte sien nie.

Daarby kom egter nog een aspek, nl. verantwoordelikheid. As verbondskinders dra ons verantwoordelikhede (die verbondseis) en moet ons daarom by ons sinne wees in alles wat ons doen, so ook by sosiale omgang. Tydens sosiale omgang word geselligheid geskep deur eet- en drinkgoed. Hoe gaan ons hiermee (veral drank) om?

Op verskeie plekke in die Bybel is daar sprake van wyn. Dit verheug die hart van die mens (Ps 104:15). Christus beskou Hom as die ware wynstok (Joh 15:1). Chritus wil die vrug van die wynstok saam met ons in die Koninkryk van sy Vader drink (Matt. 26:29). Die Bybel spreek van ‘n beeld van vrede as elkeen onder sy wingerdstok en vyeboom sit (Miga 4:4).

Die wangebruik van drank word egter skerp deur die Bybel veroordeel. Ons kan dit indirek sien in God se vervloeking van Gam toe hy sy vader, Noag, oneer aangedoen deur hom oor sy dronkenskap te spot. Hy het oor Sem en Jafet die seën uitgespreek juis omdat hulle met eerbied hul naakte vader bedek het. In Spreuke word gewaarsku teen die gebruik van sterk drank omdat die gevolg daarvan kan wees dat jy nie meer by jou sinne is nie. Van Spreuke 31:6 is die volgende interessante interpretasie al gegee. Edelvroue in daardie tyd het bedwelmende drank aan doodveroordeeldes gegee - dit het Jesus aan die kruis geweier (Mark 15:23). Hy wou volkome bewus vir ons gely en gesterf het.

Die Bybel gee ons duidelike riglyne ten opsigte van ons verantwoordelikhede teenoor drank. Die vrug van die wingerdstok maak deel uit van God se skepping en dit is daar om te gebruik. Daarmee saam kan dit ‘n versoeking wees vir die wat nie verstandig daarmee omgaan nie.

As verbondskinders behoort ons te weet waar ons verantwoordelikheid lê.

Nugter Herbie?!

HET JY GELOOFSTWYFEL…?

Annet Lubbinge

Geloof is vir ons ‘n baie alledaagse begrip. Die woordjie geloof kom dikwels in ons woordeskat voor as ons oor God en die Bybel praat. Ons het daarmee grootgeword, meeste van ons gaan al van kleins af kerk toe, d.w.s ons glo al van kleins af. Maar weet ons regtig wat die woordjie beteken?

As ons in die woordeboek kyk kry ons die volgende defenisie:
Eerstens as snw: nl ‘n Vaste vertroue (op God); vertroue (op geldsake). Tweedens as ww: vertrou, as waar beskou.

As ons nou na ‘n Bybelse definisie kyk van geloof, nl. in Heb 11:1 “Die geloof dan is ‘n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, ‘n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.”
Of as ons dit anders stel kan dit die volgende beteken: Die geloof is die aanvaarding van die gepredikte woord, die krag om daarin te volhard en daarmee saam ook die beloftes van God te verkry.

Noudat ons ‘n redelike idee het van wat geloof is, kan ons verder gaan kyk. Omdat geloof so ‘n breë onderwerp is, het ek besluit om een onderdeel daarvan uit te lig. Ek wil hê ons moet praat oor twyfel en geloofservaring. Met ander woorde hoe ons in ons alledaagse lewe van skool, werk en swot ons geloof ervaar; en ook twyfel wat ons dalk mag ervaar oor God.



Ons het al almal ‘n tyd in ons lewe gehad wat ons getwyfel het, miskien is jy nou in ‘n moeilike stadium van jou lewe, en betwyfel jy alles wat jy nog altyd as waar aanvaar het. Jy begin wonder of die Bybel wel waar is, jy begin twyfel of God wel regtig bestaan.

As ons in so tyd van twyfel kom is ons geneig om stil te bly daaroor, ons hoop die twyfel sal gou verdwyn, dalk bid jy selfs gedurig dat God die twyfel sal wegneem, maar dit gebeur nie. Dan val jy nog dieper in die twyfel. Is twyfel dan sonde? Teoloë sê dat twyfel en geloof hand aan hand gaan, en moet gaan. Dat hy wat nooit getwyfel het nooit geglo het nie. En dat dit ‘n bewys is van oppervlakkigheid. Dink maar aanThomas waar hy sê:
Ek glo, kom my ongeloof te hulp! (Mark 9:24).

Ons moet twyfel dus ook as ‘n beproewinig sien en God bly bid om die twyfel weg te neem. Ons moet nie moedeloos raak nie. Ons moet ook altyd onthou dat ons nie die enigste is wat twyfel nie, en dit met ander deel wat dalk dieselfde as jy voel en ondersteuning nodig het.

Ons kan nou nog ‘n ander aspek van geloof aanraak nl. geloofservaring. Ervaar ons nog ons geloof, en op watter maniere? Ervaar jy dalk net jou geloof in die aand voor jy gaan slaap en gou ‘n stukkie uit die Bybel lees en gou ‘n gebedjie aframmel wat elke aand dieselfde klink? En dalk nog voor en na jy geëet het ‘n gebedjie, maar verder is jy te besig om enigsins oor God na te dink? Is ons nie ook maar baie keer te besig om voorstudie te maak vir vereniging nie? Hoe baie keer gebeur dit dat ons maar net vlugtig die Bybelgedeelte lees, of heeltemaal niks doen nie? Hoeveel keer maak ons ons mond oop op vereniging, of is ons ook maar net hier omdat dit so hoort? Is ons nog bereid om oor ons geloof te praat, en op te staan vir God? Meeste van ons bly ook maar stil as daar gevloek word ens.

My bedoeling is geensins om mense te beskuldig nie, omdat ons almal maar ewe sondig is. Ons vergeet net soms dat God en ons geloof die enigste is wat sekuriteit in ons lewens kan bied, baie meer as al die geluk en rykdom wat ons probeer najaag in hierdie wêreld wat net tydelik is.

Laat ons daarom vrylik oor ons geloof praat, nie net met mense van ons kerk nie, maar ook met ongelowiges, ons moet aanhou getuig omdat dit ook ‘n opdrag van God is.

WAAROM LEEF EK?

Johan Moes

‘n Mens sou dink dat hierdie vraag; “Waarom leef ek”, die meeste gevra sou word deur mense wat in gevaarlike en ekonomies slegte tye leef, maar as ek my natuurlike intuïsie moet volg sou ek wil beweer dat dit juis anderste om is. As ‘n mens in ‘n oorlogsituasie is, dryf die natuurlike oorlewingsinstink ‘n mens. ‘n Mens dink dan nie na oor die sin van die lewe nie, die hoop op uitkoms domineer dan ‘n mens se gedagtes en ‘n mens leef dan van uur tot uur. Daar is sekerlik mense wat onder baie druk in sak en as gaan neersit of selfs selfmoord pleeg, maar ek dink hulle is in die minderheid. Ek het geen statistieke om my stelling te staaf nie, maar ek dink dat daar minder mense in arm Afrika is wat selfmoord pleeg as in die kapitalistiese, welvarende lande. Dit is egter ook nie korrek om te sê dat welvaart die oorsaak (direk of indirek) is van ‘n kyk op ons lewe as sinloos nie, maar dit gaan oor die doel wat ons wil bereik in ons lewe. Dit bepaal hoe ons staan teenoor die vraag; “Waarom leef ek?”.

‘n Groot deel van ons wêreld se bemarkingstrategieë gebruik die ‘incentive scheme’ prinsipe om mense te lok om by ‘n organisasie aan te sluit: *“As jy nie nou begin investeer in jou kinders se primêre, sekondêre en tersiêre loopbaan nie gaan hulle nooit ver kom in die lewe nie. Oor 8 jaar sal die bietjie geld wat jy nou belê skerp in waarde begin groei, dan sal jy geld verdien terwyl jy slaap. As jy bereid is om nou 2 jaar van jou lewe al jou tyd aan hierdie skema toe te wy, sal die skema na die 2 jaar vir jou begin sorg en dan sal jy baie meer vrye tyd hê as wat jy op die oomblik het.”* Wat doen hierdie advertensies aan ‘n mens. Hulle bied meestal geld vir geld of geld vir tyd aan. Hulle gee jou ‘n doel om na te jaag. Die hoeveelheid geld wat jy gaan maak hang van jou eie insette af. Die skemas gee hul lede ‘n verantwoordelikheid en weet dat die verlange, gierigheid en hebsug van die mens sy motivator sal wees om die gestelde doel na te jaag. Dit is waarom ‘n kommunistiese stelsel nie werk nie, die motivasie om meer te doen is weg omdat jy nie beter daarvan word nie. Wanneer die mens eenmaal die doel bereik het moet daar weer ‘n hoër doel gestel word. Dit is net soos om ‘n stuk sappige vleis aan ‘n stokkie vas te maak en dit op ‘n hond se rug vas te bind sodat dit net buite sy bereik is. Die hond sal die hele dag agter die stuk vleis aanhardloop. ‘n Mens is ‘n bietjie slimmer as ‘n dier en sal as hy voel dat die doel onbereikbaar is of te veel inspanning verg, hom/haar nie inlaat vir die skema nie.

Dit gaan dus oor die doel wat ‘n mens in sy lewe dryf. As die doel van die mens in Afrika vir hom/haar verdwyn het sal hy net so gou selfmoord pleeg as die ryk Westerling, wat ook voel dat sy lewe sinneloos is. Wat is jou doel in die lewe? Geld, welvaart, ambisie of aansien, ‘n gelukkige verhouding/huwelik, sekuriteit ens. Daar is baie filosowe wat al nagedink het oor die sin van ons lewe en van hulle het selfmoord gepleeg omdat die vraag vir hulle onbeantwoord gebly het.
Een van die bekendste filosowe vir die Christene is Salomo wat die boek Prediker geskryf het. Volgens hom is alles ‘n gejaag na wind, alles is dus sinloos, behalwe vir ‘n paar uitsonderings. Ons sal gou kyk na hierdie uitsonderings:

- So het ek dan gesien dat daar niks beters onder hulle is nie as **om bly te wees** en **om goed te doen** in die lewe. En ook - dat elke mens eet en drink en die **goeie geniet** by al sy moeitevolle arbeid; dit is ‘n gawe van God. (Pred 3 : 12, 13; Pred 5 : 17 – 19; Pred 8 : 15 en 9 : 7 - 10)
- So het ek dan gesien dat daar niks beters is as dat die mens hom **verheug in sy werke** nie, want dit is sy deel; want wie sal hom daartoe bring dat hy kan sien wat na hom sal wees? (Pred 3 : 22)
- Wysheid is net so goed as ‘n erfdeel en ‘n voordeel vir die wat die son sien. Want wysheid is ‘n beskutting, geld is ‘n beskutting; maar die voordeel van kennis is: die wysheid hou die besitter daarvan in die lewe. Die wysheid versterk die wyse meer as tien maghebbers wat in een stad is. (Pred 7 : 11, 12, 19) Ook het ek dit as wysheid gesien onder die son, en dit was groot in my oog: daar was ‘n klein stadjie en min manne daarin, en ‘n groot koning het daarteen gekom en dit omsingel en groot beleëringswerke daarteen gebou. En daarin is ‘n arm wyse man gevind; die het die stad deur sy wysheid gered, maar geen mens het aan hierdie arm man gedink nie. (Pred 9 : 13 – 15 sien ook verse 16 – 18)

- Verbly jou, o jongeling, in jou jeug en laat jou hart jou vrolik maak in die dae van jou jonkheid; en wandel in die weë van jou hart en in die aanskouing van jou oë; maar weet dat God jou oor al hierdie dinge in die gerig sal bring. En weer verdriet uit jou hart, en hou die kwale weg van jou liggaam, want die jeug en die jonkheid is nietigheid. En dink aan jou Skepper in die dae van jou jonkheid voordat die ongelukkige dae kom en die jare sal aanbreek waarvan jy sal sê: Ek het daar geen behae in nie. (Pred 11 : 9, 10 en 12 : 1)
- Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees God en hou sy gebooie; want dit geld vir alle mense. Want God sal elke werk bring in de gerig wat kom oor al die verborge dinge, goed en sleg. (Pred 12 : 13, 14)

Daar is ‘n paar simtome waaraan ons die sinloosheid van die mens kan herken. Baie mense beskou rasionalisme as gelykstaande aan pessimisme. Die werklikheid is vol verdriet en pyn en een bose kringloop wat hom sal herhaal todat hierdie wêreld sal vergaan. Baie mense, en veral jong mense soek dus hulle ontvlugting in die irrasionele. Ons moet hier dink aan die moderne kuns, aan die moderne popmusiek, pornografie en die volkome vryheid van hul seksuele drange, die gebruik van drugs, moderne literatuur soos “science fiction”, yoga en transdentale meditasie en ander vorme van Oosterse meditasie, ens. Dit gaan hier dus oor die mistieke; die soeke na ‘n hoër vlak as die rasionele. Die jong mense wil nie hulle lewe inrig volgens die tradisies van hulle ouers nie, tradisie is ook nie goed genoeg nie. Die wêreldse mens se bestaan is vir ‘n groot deel gegrond op tradisie. Dit geld nou hoofsaaklik vir die vorige generasies, maar hulle kan nie hulle tradisies fundeer op ‘n hoër vlak as hulle eie norme en waardes nie. Vir die Christen is dit totaal anders. Die Christen MOET sy lewensstyl en lewensuitkyk op die Bybel fundeer, dit is dus ‘n hoër vlak waarop hy sy norme en waardes kan fundeer.

Waarvoor is ons dus hier op aarde? Ons as Christene is hier op aarde tot lof en eer van die enigste ware God. Ons is hier op aarde om oor die aarde te regeer/heers en dit te onderhou. Ons is hier om die talente wat ons van God gekry het tot ons eie en ons naaste se voordeel aan te wend. As dit ons DOEL is kan daar enigiets om ons gebeur wat die lewe vir die nie-christene sinloos sal maak, maar vir God se kinders is selfs hulle sterwe sinvol. Maak tyd daarvoor om na te dink oor die sin van jou lewe. As jou doel nie die bogenoemde is nie, sal die lewe vir jou sinloos wees.

Voel jy ook so?

INDIEN NIE NOU NIE, WANNEER? INDIEN NIE JY NIE, WIE? INDIEN NIE VOLGENS DIE WOORD NIE, HOE DAN?

Monique Visser

Dit is basies wat ons in gedagte moet hou, terwyl ons in die wêreld is en nie van die wêreld nie. Ons kan 'n lys van *moets* en *moenies* gaan opstel, maar ons geloof is nie slegs reëls nie. In elk geval gee die Bybel vir ons oor die meeste vrae nie direkte antwoorde nie, of nie so duidelik soos ons dit wil hê nie. Daarom moet ons Christus enige tyd kan saamneem en probeer om altyd *sy* voorbeeld te volg.

Ja, ons as Christene kan dinge in hierdie wêreld geniet ook al doen ons met sommige dinge van die wêreld mee.

God ken jou hart

God ken *sy* kinders en Hy weet ons sukkel om in hierdie wêreld nog regtig te lyk soos *sy* kinders. So baie word ons gevra hoekom mag ons nie sekere dinge doen nie, maar so min word gevra wat die vreugdes van ons geloof is. 'n Mens kan baie model antwoorde gee oor wat jy nie/wel mag doen, maar in die praktyk werk dit nie so maklik nie. Baie dinge lyk so lekker (en is dikwels ook), tog is dit leeg want dit is sonder werklike vreugdes of vrugte van die geloof. Hoeveel keer moes jy al gesê het, nee jammer, ek kan nie saamgaan na die plek of ek kan nie saam met julle eksperimenteer nie. Ons as jongmense

kry daagliks daarmee te doen en omdat dit so alledaags is, is dit ook moeiliker om NEE te sê. Bid vir situasies waarin jy mag beland, dat jy die regte besluite neem deur óf te getuig, óf deur om te draai omdat jy nie daar hoort nie. God ken *sy* kinders en as jy Hom ken, sal Hy jou ondersteun.

Wees 'n voorbeeld/Ken jou vriende

Daar word ook nie van ons verwag om ons eenkant te hou en streng te gaan met die gesegde: Meng jou met die semels en die varke vreet jou op nie. Baie van daardie *semels* is ook maar net jongmense wat die verkeerde pad loop en wat dalk deur jou ondersteuning en getuienis op die regte pad gehelp kan word. Ons is uit genade gered en moet evangeliseer uit dankbaarheid. Ek bedoel nie dat ons nou maar met enigiets kan meedoen onder die voorwendsel dat ons gaan evangeliseer nie, en dat alles dan *fine* is nie! Nee! As jy by 'n plek is, of iets saam met die mensdom doen - kan jy jouself geniet en nog steeds as 'n Christen gesien word? Staan jy uit soos 'n seer toon? Dink weer oor waar jy is of wat jy doen. Voel jy sleg as jy anders lyk en verdwyn dan maar tussen die res van die mense omdat dit makliker is? Weet die mense dat jy **werklik** 'n Christen is en nie net een wat twee keer kerk toe gaan? Staan jy op jou Christelike standpunte as daar iets teen God se wil gedoen word?

Ek wil net vlugtig die verhaal van Daniël en sy drie vriende aanhaal. Toe hulle na Babilonië weggevoer is, het hulle in die koning se paleis beland. Daar het hulle geweier om die heidense koning se kos te eet. Hulle het gevra dat die paleisamptenaar vir hulle net groente en water gee. Hy wou eers nie, want hy was bang die koning sou kwaad raak as Daniël en sy vriende slegter lyk as die ander jong manne. Na tien dae het hulle egter mooier en gesonder gelyk as dié wat die koning se kos geëet het. God het vir Daniël en sy vriende geseën omdat hulle Hom liefgehad het en *sy* getuies was in 'n heidense land. Net so sal God ons seën deur ons geestelik te verryk as ons *sy* lewende getuies is.

Ja, ons kan as Christene nog dinge op die aarde geniet, maar dit hang net af hoe ons dit doen, saam met wie ons dit doen en of ons Christus daardeur verheerlik.

Ter afsluiting net 'n paar gedagtes:

- *Indien nie nou nie, wanneer?* Gaan jy nou deel wees van die wêreld en later regkom? Wel, wanneer? Dalk as dit te laat is?

- *Indien nie jy nie, wie?* Gaan jy praat oor jou geloof as jy geniet van die dinge hier op aarde, gaan jy Christen wees of net wegraak tussen die ander? Wie gaan dan wel getuig?

- *Indien nie volgens die Woord nie, hoe dan?* Ja, hoe dan?

KEN ONS MEKAAR IN DIE JEUG?

Henriëtte Ros

Liewe Amico

Hoe gaan dit met jou? Met my gaan dit net nog ‘n dag beter. Maar hoe gaan dit nou regtig met jou? Ek weet nie, want ek ken jou skaars. Ek weet wat is jou naam en van en wie’s jou ouers en groot - ouers. Ek weet wie’s jou broers en susters en weet julle lyk almal soos druppels water op jul voorgeslagte. Ek weet wie’s jou vriende en ek weet hoe jy lyk en dalk selfs wat jy swot en of jy werk, maar ek ken jou nie. En dit raak nogal ‘n probleem, want hoe kan ons, individue, as Hoekom sou ons mekaar nie ken nie? Dalk as gevolg van al die “klieks”? En nou neem ek nie foto’s nie. Ons leef so verby mekaar, nes perde op ‘n resies baan, elkeen vir homself. Maar weet jy, iewers is daar nog ander wat, nie net by Bybelstudie nie maar ook sosiaal, insette van ons verwag.

Hoe kan ons, individue, as ‘n eenheid in ons jeug funksioneer as ons mekaar nie ken nie.



Maar dalk sit jy vasgevang in so ‘n kliek. Daar is nogal gevare aan groepsvorming verbonde. Al ooit gehoor van iets soos groepsdink? Dis as jy en jou groep almal dieselfde begin dink. Of erger nog, as een ou se denke die groep s’n oorheers. Tipiese Roomse hiërargie waar verkeerde denke moeilik onderskep word. Moenie dat een ou al die besluite neem nie, want dan sal geen alternatiewe genereer nie en dit veroorsaak slegte besluitneming. Want wie sê die ou is altyd reg?

‘n eenheid in ons jeug funksioneer as ons mekaar nie ken nie.

En as jy probleme het, Amico? Ag, jy het sekerlik iemand om mee te praat. Maar het ek al ooit gaan seker maak dat jy regtig iemand het om mee te praat? Het jy geweet hoe maklik meegevoel ‘n handtekening op ‘n gekoopte kaartjie kan word? Hoe maklik mens alleen in ‘n groep jeug kan verdwaal? **Ken ons mekaar in die Jeug?**

Is jou groep al so spinnerak-styf dat jy, teen jou wil, vir jou groep se standpunte moet opkom terwyl jy weet dit is verkeerd? Is jul groeps-kohesie so sterk dat daar geen plek vir nuwe idees en nuwe lede is nie? Watter groepsdruk word daar uitgeoefen dat jy dinge doen wat jy nie wil doen nie? Onthou Amico, vir alles wat jy doen en vir elke ding is daar ‘n prys wat jy sal moet betaal. Die keuse lê by jou of jy bereid is om die prys te betaal of nie.

Kom ons breek bietjie weg van ons groepies en probeer ander lede van ons jeug ook leer ken. Ons begin ‘n nuwe ontdekkingsreis soos Vasco da Gama van ouds en leer ken mekaar beter in die jeug sodat ons ondersteuning kan gee daar waar dit in die stilte benodig word.

VRIENDE BUITE DIE KERK

Gerrit Smit

Baie vriendskappe het al gesneuwel as gevolg van verskillende geloofsoortuigings; en seker meer geloofsoortuigings het al gesneuwel as gevolg van vriendskappe.

Almal van julle het seker vriende wat nie lid van van ons kerkgemeenskap is nie. Daar is niks in beginsel mee verkeerd nie, maar die vraag ontstaan wel vanuit watter oogpunt so ‘n vriendskap aangepak moet word.



Kom ons begin by die begin. Vanuit die staanspoor moet daar openlikheid in ‘n vriendskap wees. As ‘n mens nie van die begin af die vrymoedigheid het om vir jou geloofsoortuigings op te staan nie, sal jy later nog minder of glad nie die vrymoedigheid hê nie. Baie keer voel ‘n mens te skaam om jou mening te lug in ‘n nuwe vriendskap, maar dit kan die lewe in die toekoms

aansienlik makliker vir jou maak. Indien die persoon nie jou mening (op ‘n punt van geloof) kan aanvaar en daarmee saamleef nie, is dit die beste om die vriendskap te verbreek-- wat dan makliker is in die begin van ‘n vriendskap as later. Indien die persoon nie saamstem nie, maar tog daarmee kan saamleef, kan daar tog ‘n vriendskap onstaan, maar die vriendskap sal nie so diep wees nie en deur baie aspekte, waaroor verskil word (soos byvoorbeeld Sondag inkopies doen, dam toe gaan, ens.), beïnvloed word .

Die ander kant van die saak is dat jy ‘n vriendskap kan hê met iemand buite die kerk, met bykans dieselfde geloofsoortuigings. Die vriendskap kan baie leersaam wees as die persone bereid is om na mekaar se standpunte te luister, daaroor na te dink en saam uit die Bybel besluit wat die korrekte standpunt is. So ‘n vriendskap skerp ‘n mens se eie geloofslewe ook weer op.

Die belangrikste is egter die besef dat ‘n goeie en opregte vriendskap nie gegrond is op persone se insette nie (alhoewel ‘n vriendskap baie werk vereis), maar dat dit ‘n gawe van God is. God moet dus ook sentraal in die vriendskap staan.

Reaksie

REAKSIE N.A.V. ARTIKEL: FLIEK, FLIEK, FLIEK...

Hoe verkwikkend was die artikel oor fliek nie gewees nie !! (Olielamp jaargang 2/ nr 6). Wyle Justus Meyer se vars visie en pittige skryfwyse, waar hy bereid was om die bul by die horings te pak, was soos koel water in 'n woestyn. Nee, nie dat daar verkeerd was met die goeie bedoelings van die ander skrywers nie, maar 'n artikel wat maar weer op die standaard, voorskriftelike wyse geskryf is, kan ek direk op 'n myl uitken. Trouens, dit hoef ek nie te lees nie, want alles wat daarin staan het ek al van gehoor of geweet en dit help my nie veel verder nie. Kortliks, dit stimuleer nie my denke nie, maar probeer my nogiets byleer, weer my attensie verskerp op een of ander fasset van my geloofslewe. Ongelukkig (in hierdie konteks) het ek dit al op laerskool, katkisasie, vereniging ens. gehoor en teen die einde van ons hoërskool het die meeste van ons al die nodige, basiese kennis opgedoen om te kan onderskei tussen reg en verkeerd.

Ons jongmense is nou in die stadium van ons lewe waarin ons die dinge wat vir ons geleer is, wil uittoets. Ek wil vrae vra, redeneer, val en opstaan, en self dit toets wat vir my geleer is. Verder staan die tyd ook nie stil nie, en konsepte, idees en gedagtes moet weer herkou word. Die praktiese toepassing van my geloof vir vandag moet weer bygeskaaf word.

Laat ek verder verduidelik: meeste van die artikels word tydloos geskrywe, 10, 20, 30 jaar gelede sou dié voorskrifte ook nog van toepassing gewees het. Daar is dus niks daarmee verkeerd nie, maar dit spreek my nie aan nie, geen bruikbare padkos vir vandag nie ! Hoekom tackle ons nie meer issues soos fliek, dans, drugs, verhoudings (veral buite kerklik), voorbehoeding en seks, geldbesteding en al die tipe dinge nie ? Dis mos waarmee ons op skool, universiteit / technikon en op my werk mee gekonfronteer word ?

Is dit omdat ons mekaar te veel die regte antwoord gee en dinge vir mekaar voorsê en voorskryf
sonder om die gebruiksaanwysings vir die reëls by te gee? Dis mos maklik om vir iemand te sê dat fliek en dans verkeerd is, maar kan jy ook vir haar/hom se HOE om in 'n situasie op te tree? Wat maak ek as my vriende my vra om saam met hulle te kom fliek? (dis nou vriende in die kerk indien jy gewonder het) Ek smag na praktiese wenke en toepassings (soos bv. fliek besprekings), eerder as die regte antwoord. Sonder gebruiksaanwysings is al die reëls waardeloos.

Die gevolg hiervan is dat baie van ons twee tipes lewens lei (ly?) en probeer om ons skuld-gevoelens dood te druk, want ons kan nie onsself

teenoor mekaar verantwoord nie. Ons dra ons masker (dankie Henk vir jou artikel) tussen mekaar oor hoe ons wel en nie moet lewe, maar in die wêreld kan ons nie voldoen aan die eise wat ons mekaar oplê nie. Almal weet 90% van flieks behoort nie by 'n christelike lewenswyse nie, en tog fliek ons nogsteeds gereeld. Hoekom? Is dit omdat ons nie groepsdruk kan weerstaan nie, of (wil) besef ons nie tot watter radikale verandering 'n christelike lewe ons roep nie? Dalk het ons al te veel deel van die wêreld geword? En dan nog nie eers van al die ander sake gepraat nie. Dat daar dus nog baie is om oor te praat is wel duidelik. Maar tog, ons praat nie daaroor nie en elkeen loop maar sy eie paadjie met sy eie siening en regverdiging.

Ek dink ons kan dit maar erken, ek is bang om op vereniging of net gewoon tussen my kerk-vriende of kerkjeug te erken dat dit vreeslik moeilik is om myself en dus my geloof in die wêreld te kan verantwoord. En dit word nie beter nie hoor, deur jou hele lewe sal jy gekonfronteer word deur die heidene sowel as christene. Hoekom doen jy dit so, waarom is jy so anders, is dit nou rêrig nodig om so erg daaroor af te gaan ? Christus het geen rosegeur en maneskyn vir ons hier op aarde belowe nie, inteendeel, ons sal ons moet kan verantwoord hoekom ons glo. (1 Petr 3:13-15 e.v.) Is dit nie juis 'n opdrag en aansporing vir mekaar om opbouende kommunikasie tussen mekaar te bevorder nie.

Ja, ons kan lank kuier oor mekaar se belangstellings en liefdes en die nuutste kriekettelling, maar het jy al vir iemand gevra waar hy/sy swaar kry as christen in hierdie wêreld. Ag, jy hoef dit nie eers te vra nie, want ons almal weet presies waar dit is (ons is mos almal dieselfde ?). Ek kan dus van my eie probleme en swaarkry weet waarmee 'n ander te doen kan kry, ons het ook mos al agtergekom hoe dink die wêreld, dis nie asof die teenstand nuut is nie. Maar tog lewe ons verby mekaar en maak ons asof alles goed gaan, 'n christen kan tog nie erken dat hy swaar kry nie? En so preek die een groep vir die ander en die ander steur hulle niks daaraan nie, maar verder kom ons nie.

Nee, ek kan nou seker nie te pessimisties raak nie, daar's mos nog 'n kongres waarin ons geestelik kan groei, en wat van vereniging? Enige verskoning sal die waarheid ontwyk; jammer dat my eie gesonde, redenerende verstand ook teen die bou van God se kerk ingespan kan word. En dan hoor ek nog die verskonings: nee, maar mens moet tog pasop om nie te geestelik te raak nie, te veel van die goeie is ook nie goed nie. Wel, as daar een ding is waarvan ons nie teveel kan kry nie dan is dit om oor die Woord van God te praat en ons lewens as Christene in vandag se wêreld. Daar is natuurlik altyd 'n beter en slegter manier en ons moet bly fokus dat ons na mekaar kan luister en met mekaar kan gesels. Nuttige, waardevolle gesprekke en artikels wat tot voordeel van my mede gelowiges en naaste sal wees.

Bottomline: kommunikasie tussen mede christene is van lewensbelang, en daarby gesê kommunikasie op die regte manier, dit wat mens aanspreek en nie 'n geprekery nie. Ons is frontsoldate in die bou van God se koninkryk en daarvolgens het ons 'n roeping om dit te begin, onder mekaar, en ten eerste by myself. 14 Jaar gelede het Justus die moed gehad om dit in die ope te gooi, kan ons dit vandag nog doen noudat ons verantwoordelikheid des te groter geword het? Aan die einde van die dag help dit dus nie om daaroor te kla of net daaroor te skryf nie, maar om aan die werk te spring, vir my eie behoud en die van my mede jeuglede. En ook hierin sal ek moet erken: dis moeilik, maar ek sal werk daarvan maak, want as christen is ek 'n frontsoldaat, met Christus wat vooruit gaan en my krag gee, en wat die uiteinde van die stryd klaar beslis het.

Rehobot

Gen 26:22 : " Nou het die HERE vir ons ruimte gemaak''

Jeug van die Vrye Gereformeerde Kerk te Bellville

Hallo alle Sleutelgatters

Vanwee die besige persoonlike skedules van ons jeuglede (eksamens, matriekafskeide, ou liefdes, nuwe liefdes, take wat al dateer van Januarie maand af ens.) was die jeug nie so sosiaal aktief soos gewoonlik nie. Daar was wel 'n hele paar interessante verwikkelinge...

Een van die min sosiale aktiwiteite wat plaas gevind het (dit was 'n grote pappie!) was die uittog na Clifton. Twee van die mees braafste meisies (ja alle manne? is sand in die oe geskop) het die koue waters van die oseaan aangedurf. Dit kan natuurlik net Mirjam en Margreet wees. Koue water is bewys as 'n baie effektiewe geneesmiddel vir selluliet...
So terloops Erik kan maar bietjie oefen om balle reguit te gooi, ne Marco. Die jeug kan ook maar hul vlugbaltoertjies vir die pro's los, want met 8 aan 'n kant is die bal meer op die grond as die pro's se 4 aan 'n kant. Erik Raimond het ook meer as een keer die seesand opgesoek met 'n sierlike duik, in die proses het hy dit darem reg gekry wat 10 ander nie kon reg kry nie, en dit is om die bal oor die net te kry. Ons het wel genot verskaf vir die menigte toeskouers!

Die volgende jeuglede het hul matriekjaar met 'n suksesvolle matriekafskeid afgesluit. Hulle is Sonja, Karen, Riana, Clara en Marc. Na wat verneem is, het hulle dit almal geniet en was vas aan die slaap en het met baie klein ogies die volgende oggend aangemeld vir 'n strawwe akademies geoerienteerde skooldag. Baie sterkte aan alle matrieks vir hulle eind eksamen.

Dirk kon ook nie al te lank sonder sy Sonja klaar kom nie, en het die busbestuurder gesmeek vir 'n plekkie in die kattebak. Maar Sonja vat ook nie nonsens nie en het GEVLIEG om Dirk se hand vas te hou by die werk. Dit alles binne die tydperk van 3 weke. Ek wonder wie se fondse gaan eerste uitgeput raak?

Ek sluit af met die grap van die jaar:
Wat is die ooreenkoms tussen lemoene en olifante? Almal is oranje behalwe die olifante!

Tarra!

Aan die voet van die Magaliesberg

Namens die Redaksie van Pretoria wil ons almal wat eksamen skryf, of nog gaan skryf, alle sterkte daarmee toewens. Mag die Here julle bewaar in hierdie meer “spannende” tye, en mag Hy julle werk seën – ook tot opbou van sy Koninkryk in ons land.

Psalm 90: 16,17:

16) Laat U werk vir u knegte sigbaar word en U heerlikheid oor hulle kinders.
17) En laat die lieflikheid van die Here onse God oor ons wees, en bevestig die werk van ons hande oor ons, ja, die werk van ons hande, bevestig dit!

Verder hoop ons dat julle anders dink oor die "tipiese skolier / student" soos regs uitgebeeld.

En ons vertrou dat julle eksamenuitslae goed mag wees, soos na julle verwagting, en nie iets soos links nie.





VERJAARSDAE

Psalm 134:3
Die Heer se seën sal met u gaan,
en ons sal biddend voor Hom staan.
Hy wat beveel en - dit geskied,
Hy sal sy seën oor u gebied.

Baie geluk aan almal, ons hoop julle het 'n wonderlike dag! God's rykste seën word julle toegewens.

Kaapstad

November	17	Floris Antonides
	22	Arjan van der Lugt
	30	Riaan van Alten
Desember	7	Peter Raimond
	8	Jaco Haak
	9	Erik Raimond
	20	Johan Visser
	30	Morné Jolie
	31	Magda Geleijnse

Pretoria

November	5	Eric van der Veen
	12	Albert-Jan Zielman
	14	Herbie Begemann
	15	Johan Bijker
	29	David Roose
Desember	1	Johan en Willem Sterk
	6	Brenda Slump
	11	Dirk Boon
	19	Ronel van der Linden
	28	Timo Schuring
	29	Pauline Visée

Kom geniet 'n onvergeetlike Kongres in die Kaap...

Datum: 22-26 Desember
Plek: Hawekwa Jeugterrein te Wellington
Kersete-drag: Swart en wit (dit kan varieer van sportdrag tot aanddrag)
Op Oujaarsaand hou ons 'n Sixties-party en daarom vra ons jou vriendelik om met die regte gees en die regte drag te kom.

Navrae: Riaan van Alten
Tel: (021) 99-1597;
E-mail: luctor@mweb.co.za